# QUELEX® 200 WG

## HERBICIDE

REGISTRATION NUMBER/REGISTRASIENOMMER L10759 ACT NO/WET NR. 36/1947

**READ THE LABEL BEFORE USE**
**KEEP OUT OF REACH OF CHILDREN AND ANIMALS**

| GROUP/GROEP | B & O | HERBICIDE/ONKRUIDDODER |
|---|---|---|

**A SELECTIVE HERBICIDE FOR THE POST-EMERGENCE CONTROL OF BROADLEAF WEEDS ON FALLOW LANDS AND IN WHEAT AND BARLEY.**

**'N SELEKTIEWE ONKRUIDDODER VIR DIE NA-OPKOMSBEHEER VAN BREËBLAARONKRUIDE OP OORLÊLANDE EN IN KORING EN GARS.**



**DANGER**

**HAZARD STATEMENTS:**
Causes serious eye irritation.
May cause cancer.
Very toxic to aquatic life with long lasting effects.

**PRECAUTIONARY STATEMENTS:**
Obtain special instructions before use.
Wear protective gloves/protective clothing/eye protection/face protection.
IF IN EYES: Rinse cautiously with water for several minutes. Remove contact lenses, if present and easy to do. Continue rinsing.
IF exposed or concerned: Get medical advice/attention.
Collect spillage.
Dispose of contents/container in accordance with applicable regulations.

**ACTIVE INGREDIENTS/AKTIEWE BESTANDDELE**

ARYLEX™ (Halauxifen-methyl) ........................ 100 g/kg ..................................ARYLEX™ (Halauxifen-metiel)
(pyridine compound) (piridienverbinding)
Florasulam (Triazolopyrimidine) ......................... 100 g/kg ............................... Florasulam (Triasolopirimidien)

**NET MASS ………………...………………………..... g .........................................................NETTO MASSA**

**REGISTRATION HOLDER / REGISTRASIEHOUER**
CORTEVA AGRISCIENCE RSA (PTY) LTD / (EDMS) BPK
REG NO 1991/003030/07
Lakefield Office Park, Block A, 2nd Floor
272 West Avenue, CENTURION, 0157 South Africa
®Trademark of Corteva Agriscience™ and its affiliated companies

Batch number ……..…..………….......................................................................................................Lotnommer
Date of manufacture……………… ...................................................................................Vervaardigingsdatum
Expiry date ………………………........................................................................................................Vervaldatum

**UN NO : 3077**

Poisons Helpline: +27(0)861 555 777
Local Emergency no: +27(0)82-895-0621 (SA only)
Information Hotline tel no: +27 (0)12 683 5700

---Internal Use---

**WARNINGS**:

| **HAZARD STATEMENTS:** |
|---|
| • Causes serious eye irritation. |
| • May cause cancer. |
| • Very toxic to aquatic life with long lasting effects. |

**WHEAT – ALLOW 42 DAYS BETWEEN APPLICATION AND GRAZING BY LIVESTOCK.**
**BARLEY – ALLOW 70 DAYS BETWEEN APPLICATION AND GRAZING BY LIVESTOCK.**

Handle with care.
May cause severe eye irritation. Corneal injury is unlikely.
May cause skin irritation.
Store in a cool, dry place and in original container.
Store away from food, feed, drugs, drinking water, seed, and other agricultural chemicals.
Store out of reach of children, uninformed persons, and animals.
Very toxic to fish and other aquatic organisms.

**RE-ENTRY INTERVAL:** Do not enter treated area until spray deposit has dried, unless wearing protective clothing.

**DISCLAIMER**
**Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions because the action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal soil, climatic and storage conditions; quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of weeds against the remedy concerned as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal or for lack of performance of the remedy concerned due to failure of the user to follow the label instructions or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier or registration holder in the event of any uncertainty.**

**PRECAUTIONS:**

| **PRECAUTIONARY STATEMENTS:** |
|---|
| Obtain special instructions before use. |
| Wear protective gloves/protective clothing/eye protection/face protection. |
| IF IN EYES: Rinse cautiously with water for several minutes. Remove contact lenses, if present and easy to do. Continue rinsing. |
| IF exposed or concerned: Get medical advice/attention. |
| Collect spillage. |
| Dispose of contents/container in accordance with applicable regulations. |

Do not inhale dust or spray mist.
Avoid eye and skin contact.
Wash contaminated clothing after use.
Wash with soap and water after use.
Do not eat, drink, or smoke whilst mixing or applying the product or before washing hands and face.
Avoid drift of spray mist onto other crops, grazing, rivers, dams, and areas not under treatment.
Clean applicator thoroughly after use and ensure that all residues of **QUELEX® 200 WG** are removed (See sprayer clean-up).

Rinse empty container three times with a volume of water equal to a minimum of 10% of that of the container. Add the rinse water to the contents of the spray tank before destroying the container in the prescribed manner and do not re-use it for any other purpose.
Prevent contamination of food, feed, drinking water and eating utensils.

**RELEVANT SUBSTANCES:**

| COMPONENT | CAS No. | Concentration |
|---|---|---|
| Halauxifen-methyl | 943831-98-9 | 10,45 |
| Florasulam (ISO) | 145701-23-1 | 9,79 |
| Cloquintocet | 88349-88-6 | 7,06 |
| Sodium lignosulfonate | 8061-51-6 | >= 10 - < 20 |
| Citric acid | 77-92-9 | >= 10 - < 20 |
| Fatty acid chlorides, C18 unsatd., reaction products with sodium N-methyltaurinate | Not assigned | >= 1 - < 3 |
| Disodium maleate | 371-47-1 | >= 0,3 - < 1 |
| Kaolin | 1332-58-7 | >= 10 - < 20 |

**SYMPTOMS OF HUMAN OVER-EXPOSURE:**
May cause severe eye irritation. Corneal injury is unlikely.
Prolonged skin contact may cause moderate irritation with local redness. Prolonged skin contact is unlikely to result in absorption of harmful amounts.

**FIRST-AID MEASURES:**

**Ingestion:**
No emergency medical treatment necessary.

**Eye contact:**
Hold eyes open and rinse slowly and gently with water for 15-20 minutes. Remove contact lenses. If present, after the first 5 minutes, then continue rinsing eyes. Call a poison control centre or doctor for treatment advice.
Suitable emergency eye wash facility should be immediately available.

**Skin contact:**
Remove contaminated clothing. Rinse skin immediately with plenty of water for 15-20 minutes. Call a poison control centre or doctor for treatment advice.
Suitable emergency safety shower facility should be available in work area.

**Inhalation:**
Move person to fresh air. If person is not breathing, call an emergency responder or ambulance, then give artificial respiration. If by mouth-to-mouth use rescuer protection (pocket mask, etc). Call poison control centre or doctor for treatment advice.

**NOTE TO PHYSICIAN:**
There is no specific antidote. Treatment based on judgement of physician in response to symptoms of patient.

## RESISTANCE PREVENTION AND MANAGEMENT

**QUELEX® 200 WG** is a combination of a synthetic auxin-type herbicide (Group O) and an ALS (**A**ceto**L**actate **S**ynthase) enzyme inhibiting herbicide (Group B). This product controls broadleaf plants by disrupting normal growth patterns and/or by inhibiting production of the enzyme essential for production of certain amino acids needed for normal plant growth.

Since **QUELEX® 200 WG** has two different modes of action, resistance is less likely to develop than in the case of certain other herbicide groups. However, some naturally occurring weed biotypes resistant to **QUELEX® 200 WG** herbicide and other herbicides that are either systemic auxin-type herbicides or ALS inhibitors may exist through normal genetic variability in any weed population. The resistant individuals can eventually dominate the weed population if herbicides with the same mode of action are used repeatedly. These resistant weeds will not be controlled by **QUELEX® 200 WG** herbicide or other systemic auxin-type or ALS inhibitors.

## TO DELAY THE SELECTION OF RESISTANT WEEDS

- Integrate tillage, crop rotation or mechanical control methods (including non-selective herbicides) during the fallow period into weed control programs whenever practical.
- Avoid exclusive repeated use of herbicides from the same mode of action group. Plan crop rotations to allow use of herbicides from different mode of action groups.
- Maintain herbicide use records for each field.
- Prevent movement of resistant weed seeds and vegetative material to other fields by cleaning harvesting and tillage equipment and planting clean seeds.
- When grazing, begin with fields with the least weed resistance before moving to fields with high resistance due to the possibility of animals spreading the seed.
- Inspect all fields annually to identify the development of resistance early.

For further advice on the prevention of herbicide resistance contact your Corteva Agriscience™ representative.

In the case where the above-mentioned measures are not followed, Corteva Agriscience™ will not be liable for any damage which may occur if **QUELEX® 200 WG** does not control resistant weeds.

## USE RESTRICTIONS AND NOTES OF USE.

**Not to be used as an aerial application.**

Do not apply **QUELEX® 200 WG** to cereals under sown with legumes.
Do not use **QUELEX® 200 WG** in nurseries.
Susceptible crops include but are not limited to clovers, cotton, hops, lupins, ornamentals, peas, pine trees, potatoes, safflower, shade trees, soya beans, sunflower, tobacco, tomatoes, vegetables, and vines. Do not apply **QUELEX® 200 WG** to crops that are stressed by severe weather conditions such as cold or freezing temperatures or heavy rain, drought, waterlogging, nutrient deficiency, disease, insect or nematode damage or carry-over herbicide residues.
Apply the product strictly in accordance with the application directions.
Do not contaminate any water bodies e.g., dams, rivers, boreholes, etc.
**QUELEX® 200 WG** should be applied only **ONCE** per season.

## MINIMUM RE-CROPPING PERIOD AND CROP ROTATION GUIDELINES

The minimum re-cropping period includes the time of last application of **QUELEX® 200 WG** to the anticipated date of planting a subsequent crop. The periods specified below will only be valid if favourable soil moisture and temperature conditions prevail to promote more rapid breakdown of **QUELEX® 200 WG** by microbial activity. Abnormally dry and/or cold conditions may result in slower degradation.

Careful consideration should be given to crop rotation plans prior to using **QUELEX® 200 WG**.

To avoid injury to subsequent crops, the following waiting periods should be observed:

| Rotational crops | Waiting periods |
|---|---|
| Barley, oats, wheat | 1 month |
| Maize, potatoes, sorghum, sunflower | 5 months |
| Canola, lupines, peas | 9 months |
| Cotton, dry beans, groundnuts, soybeans | 14 months |

For all other follow crops not listed, a replanting period of at least **24 months** has to be observed preceded by a test planting. Test strips of the desired rotational crop should be planted and monitored during germination and emergence for any abnormal growth to determine if the rotational crop can be grown successfully. The land should always be deeply ploughed first before a rotational crop is planted.

**CROP FAILURE**

In the event of crop failure, after a crop has been treated with **QUELEX® 200 WG**, it is possible to plant cereals one (1) month after the application. In this case soil must be deeply ploughed first before planting a succeeding crop.

**BROADLEAF WEEDS NORMALLY CONTROLLED BY QUELEX® 200 WG:**

**WHEAT**

| | |
|---|---|
| *Amaranthus hybridus* | Common pigweed |
| *Arctotheca calendula* | Cape weed |
| *Capsella bursa-pastoris* | Shepard's purse |
| *Chenopodium album* | White goosefoot |
| *Coronopus didymus* | Twin cress |
| *Cotula turbinata* | Goose daisy |
| *Emex australis*** | Spiny emex |
| *Erodium moschatum*** | Musk heron's bill |
| *Fallopia convolvulus*** | Climbing knotweed |
| *Fumaria officinalis* | Fumitory |
| *Galinsoga parviflora* | Gallant soldier |
| *Malva parviflora* | Small mallow |
| *Medicago* spp | Clovers |
| *Oxalis latifolia* | Red garden sorrel |
| *Plantago lanceolate* | Narrow-leaved ribwort |
| *Polygonum aviculare*** | Prostrate knotweed |
| *Raphanus raphanistrum**** | Wild radish |
| *Rapistrum rugosum* | Wild mustard |
| *Sisymbrium thellungii* | Common wild mustard |
| *Stellaria media**** | Chickweed |
| *Tagetes minuta* | Khaki weed |

**Variable control may be expected.
***Where ALS resistance ***Raphanus raphanistrum*** and ***Stellaria media*** occur, poor control can be expected.

In addition to weeds controlled with **QUELEX® 200 WG**, the following weeds are controlled in tank mixtures:

**QUELEX® 200 WG + BRUSH-OFF®**

| | |
|---|---|
| *Fallopia convolvulus* | Climbing knotweed |
| *Polygonum aviculare* | Prostrate knotweed |

When **QUELEX® 200 WG** is used in a tank mixture with any of the above-mentioned products, refer to the weed lists and rates as recommended on the respective labels.

**NOTES:**

1. **QUELEX® 200 WG** controls certain weed species as listed above. Other annual broadleaf weed species that were not present during the development trials may also be controlled to a certain degree. The registration holder does not accept any responsibility for weeds not listed.

2. **QUELEX® 200 WG** spray applications alone will not control weeds which have not yet emerged at the time of application.

**DIRECTIONS FOR USE:** **Use only as directed.**

**GENERAL INFORMATION**

**QUELEX® 200 WG** is a water dispersible granule herbicide for the selective post-emergence control of broadleaf weeds as listed on fallow lands and in wheat and barley.

**QUELEX® 200 WG** must be mixed with clean water and applied as a uniform broadcast spray by means of ground application.

**QUELEX® 200 WG** should always be used in a tank mixture with an adjuvant such as Break-Thru® at recommended label rates. The adjuvant must be added as the last ingredient to the spray tank.

**QUELEX® 200 WG** must be applied post-emergence to the main flush of actively growing broadleaf weeds. Warm, moist growing conditions promote active weed growth and enhance the activity of **QUELEX® 200 WG** by allowing maximum foliar uptake and activity.

Weeds hardened off by cold weather or drought stress may not be adequately controlled or suppressed and re-growth may occur. For best results ensure thorough spray coverage of target weeds. **QUELEX® 200 WG** should be applied prior to crop growth reaching a density which would inhibit effective coverage of the weeds.

For expanded spectrum broadleaf weed control **QUELEX® 200 WG** must be applied to young weeds at the seedling stage but before they are beyond the six-leaf growth stage. Weeds should also be actively growing under moist conditions. Weeds under drought stress may be less susceptible.

**QUELEX® 200 WG** inhibits growth of susceptible plants. Visible symptoms of dying plants may occur within 2-4 weeks under ideal growing conditions and up to 6-8 weeks under adverse conditions (prolonged periods of extreme temperature or moisture).



---Internal Use---

**COMPATIBILITY**

**QUELEX® 200 WG** is compatible with the following products in a tank mixture:

BROADLEAF WEEDS
To increase the broadleaf spectrum controlled, **QUELEX® 200 WG** may be tank mixed with:

- BRUSH-OFF® L 4535 (contains 600 g metsulfuron methyl)

GRASSES
To increase the grass spectrum controlled, **QUELEX® 200 WG** may be tank mixed with:

- AXIAL® L 8517 (contains 45 g pinoxaden)

ADJUVANTS

- BREAK-THRU® L 6764

**ALWAYS REFER TO PRODUCT LABELS.**

**NOTES:**

(i) **WHERE ONE OF THE ABOVE PRODUCTS IS USED IN A TANK MIXTURE WITH QUELEX® 200 WG, FULL DETAILS FROM THE RELEVANT LABEL MUST BE OBTAINED AND ADHERED TO.**

(ii) **WHEN TANK MIXING PALLAS 45 OD WITH QUELEX® 200 WG PHI OF 42 DAYS SHOULD BE ADHERED TO.**

(iii) The compatibility of **QUELEX® 200 WG** in tank mixtures with recommended products may be influenced by the formulation of these products. The quality of the water may also have an effect on these tank mixtures. Since the formulation of other products may change without the knowledge of Corteva Agriscience RSA (Pty) Ltd and the quality of water may vary from farm to farm, a physical compatibility test should always be carried out prior to application. Corteva Agriscience RSA (Pty) Ltd does not accept any responsibility for the crop tolerance of these tank mixtures where the formulation of products has changed or for mixtures with products not listed above.

Consult your local representative for details.

**MIXING INSTRUCTIONS**

**QUELEX® 200 WG** is a water dispersible granule that is easily dissolved in water if the following mixing procedures are implemented:

- Fill the spray tank up to a quarter to half full of clean water.
- Start the agitation.
- **QUELEX® 200 WG** should always be pre-mixed with water to form a slurry.
- Add the required amount of **QUELEX® 200 WG** to a bucket of water, stir immediately until the granules are dispersed and add the prepared **QUELEX® 200 WG** slurry directly to the quarter to half full spray tank of water.
- Rinse container used for pre-mixing and add rinse water to spray tank.
- Add the required amount of recommended complementary herbicide needed. Continue agitation while topping up the spray tank with water until the final volume has been reached.
- Add an adjuvant at the recommended label rate as the last ingredient to the spray tank mixture.
- Ensure thorough agitation of the mixture in the tank continues whilst mixing and spraying.
- Tank mixtures must be sprayed out immediately and not be allowed to stand in the spray tank as the effectiveness may be reduced due to product degradation.
- Thoroughly re-agitate before re-using if a stoppage of spraying operations should occur for some reason.

**GROUND APPLICATION**

**QUELEX® 200 WG** alone can be applied with any medium or high-volume sprayer equipment with an efficient agitation mechanism which is capable of adequate coverage and even distribution. Best results are obtained using flat fan-type spray nozzles and applying a minimum spray volume of 200 litres water per hectare.

Weeds that are screened off by other weeds or the crop may result in variable control due to insufficient coverage. When timing the application of **QUELEX® 200 WG** this aspect must be considered. Best results are obtained from applications made to young, actively growing seedlings (2-6 leaf). Only weeds emerged at the time of application will be controlled.

**QUELEX® 200 WG** is rainfast within one hour of application.

**QUELEX® 200 WG** should **ALWAYS** be used in a tank mixture with an adjuvant such as Break-Thru® applied at recommended label rates. The adjuvant must be added as the last ingredient to the spray tank.

| CROP | RATE/HA | REMARKS |
|---|---|---|
| **FALLOW LANDS** | **50 g QUELEX® 200 WG** | Apply to actively growing weeds, seedling to six- leaf growth stage. |
| **CEREALS**<br>**Wheat**<br>**Barley** | **50 g QUELEX® 200 WG**<br>**+ product listed under**<br>**"COMPATIBILITY"**<br>**(as per label recommendation)** | Apply between two-leaf up till end of tillering of the crop when weeds are small and actively growing, seedling to six-leaf growth stage**.** |
| Ensure that information listed under "DIRECTIONS FOR USE" is adhered to.<br><br>Ensure thorough coverage of weeds to achieve effective control. Weeds screened off by a dense stand of the crop and/or other weeds causing inhibited spray coverage, may be poorly controlled. Consider this aspect when deciding on spray application timing. Weeds germinating after application of **QUELEX® 200 WG** will not be controlled as it has no strong soil residual activity.<br><br>Degree of control obtained, and duration of effect depend on weed species, weed size, growing conditions at and following the period of application.<br><br>The activity of **QUELEX® 200 WG** is enhanced by the addition of an adjuvant (applied at recommended label rates) and this increases the consistency of control of susceptible weeds across varied environmental conditions. Using an adjuvant will also improve the efficacy of some weeds that are moderately susceptible. An adjuvant is particularly beneficial under dry conditions. | | |

## SPRAYER CLEANUP

To prevent any damage to subsequent crops, other than cereals, all residues of **QUELEX® 200 WG** must be removed from the mixing and spraying equipment.

Proceed as follows:

a) The spray tank should be drained immediately after spraying crops. Wash any contamination off the outside of the sprayer with clean water.

b) The inside of the spray tank should be rinsed with clean water and flushed with at least one tenth of the spray tank volume through the hoses and nozzles. Drain the tank completely.

c) Half-fill the tank with clean water and add the correct amount of cleaning agent, such as household ammonia. Per 100 litres of final tank volume, add 350 ml ammonia (9,5% ammonia) to the water, e.g., in the case of a 1 000 litres spray tank, fill with 500 litres water and add 3,5 litres (= 10 x 0,35 ℓ) ammonia.

   The initial solution now prepared, which is double strength, should be mixed thoroughly by turning on the agitation. This solution is used for flushing the hoses and nozzles for approximately one minute. The remainder is then filled up to the final volume of the spray tank and allowed to stand for 15 minutes with the agitation running. After 15 minutes have elapsed, flush the boom and hoses again and drain the tank completely.

d) Remove the nozzles and filters and allow to soak in a bucket containing 40 ml of household ammonia per 10 litres of water.

e) Rinse the tank again with water and flush at least one tenth of the tank volume through the boom and hoses.

f) Dispose of the wash water safely. Do not spray onto sensitive crops or land intended for planting with sensitive crops.

<u>Precautions with spray clean-up</u>

- Do not inhale the vapour of the cleaning agents.
- Avoid contact with eyes and skin.
- In case of contact with eyes and skin immediately rinse with plenty of water and seek medical advice.
- Keep out of reach of children, uninformed persons, and animals.
- Keep cleaning agents only in original containers.

## STORAGE AND DISPOSAL

<u>Storage conditions</u>

Store away from sun and damp, in original tightly closed containers, in a well-ventilated area apart from food and feed under lock and key.  Avoid storage above 35°C.

<u>Product and container disposal</u>

Do not re-use empty containers for any other purpose, especially not for storing water, food, or feed. Perforate and flatten the containers before disposing of them in the prescribed manner.

Destroy empty containers or surplus product in an industrial incinerator approved for agricultural chemicals. Do not bury in or spray onto any area under agricultural use. Empty containers should be rinsed thoroughly with clean water. Pour rinse solution in the spray tank.

**The following trademarks and registrations under Act 36 of 1947 are acknowledged:**

| | | |
|---|---|---|
| Axial® | Reg No. L 8517 | Syngenta South Africa |
| Break-Thru® | Reg No. L 6764 | Evonik Degussa Africa (Pty) Ltd |
| Brush-Off® | Reg No. L 4535 | E.I. DuPont de Nemours and Company or its affiliates |

**Poisons helpline: +27(0)861 555 777**
**Local emergency no: +27(0)82 895 0621 (SA only)**
**24 Hour Emergency tel no: +32 3 575 5555**
**Information Hotline tel no: +27(0)12 683 5700**

®Trademark of Corteva Agriscience™ and its affiliated companies
All unauthorised reproduction of this label is forbidden.

**WAARSKUWINGS**

| <u>**RISIKOVERKLARINGS:**</u><br>• Veroorsaak ernstige oogirritasie.<br>• Mag moontlik kanker veroorsaak.<br>• Baie giftig vir waterlewe met langdurige gevolge. |
|---|

**Koring – laat 42 dae verloop tussen toediening en beweiding deur vee.**
**Gars – laat 70 dae verloop tussen toediening en beweiding deur vee.**

Hanteer versigtig.
Mag erge oogirritasie veroorsaak.
Mag velirritasie veroorsaak.
Bêre in 'n koel, droë plek en in die oorspronklike houer.
Bêre weg van voedsel, voer, medisyne, drinkwater, saad en enige ander landbouchemikalieë.
Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
Baie giftig vir visse en ander akwatiese organismes.

**HERBETREDING:** Moet nie behandelde gebied betree voordat die spuitneerslag droog geword het nie, behalwe indien beskermende oorklere gedra word.

***VRYWARING***

***Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid van toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande; gehalte van verdunningswater; verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie; en die teenwoordigheid van weerstand in onkruide teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer geen verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effekte op mense of diere, of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer of registrasiehouer waar enige onsekerheid bestaan.***

**VOORSORGMAATREËLS**

| <u>**VOORKOMENDE VERKLARINGS:**</u><br>Verkry spesiale instruksies voor gebruik.<br>Dra beskermende handskoene/beskermende klere/oog- en gesigbeskerming.<br>INDIEN IN OË: Spoel oë vir 'n paar minute versigtig met water uit. Indien teenwoordig en maklik verwyderbaar, haal kontaklense uit en gaan voort met uitspoel van die oë.<br>INDIEN blootgestel of bekommerd: Verkry mediese advies/aandag.<br>Maak die verspilde produk bymekaar.<br>Raak ontslae van die inhoud/houer ooreenkomstig toepaslike regulasies. |
|---|

Moet nie stof of sproeinewels inasem nie.
Vermy kontak met oë en vel.
Dra geskikte beskermende klere, handskoene, oog- en gesigbeskerming wanneer die konsentraat hanteer word.
Was besoedelde klere na gebruik.
Was met seep en water na gebruik.
Moet nie eet, drink of rook tydens vermenging of toediening van die produk of voordat hande en gesig gewas is nie.

Voorkom dat sproeinewels na ander gewasse, weivelde, riviere, damme en plekke wat nie behandel moet word nie, oorwaai.
Voorkom die besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.

**RELEVANTE STOWWE:**

| KOMPONENT | CAS-nr. | Konsentraat |
|---|---|---|
| Halauxifen-metiel | 943831-98-9 | 10,45 |
| Florasulam (ISO) | 145701-23-1 | 9,79 |
| Klokwintoset | 88349-88-6 | 7,06 |
| Natrium-lignosulfonaat | 8061-51-6 | >= 10 - < 20 |
| Sitroensuur | 77-92-9 | >= 10 - < 20 |
| Vetsuurchloriede, C18 onversadigde, reaksieprodukte met natrium N-metieltaurinaat | Nie toegewys | >= 1 - < 3 |
| Dinatriummaleaat | 371-47-1 | >= 0,3 - < 1 |
| Kaolien | 1332-58-7 | >= 10 - < 20 |

**SIMPTOME VAN ERNSTIGE MENSLIKE BLOOTSTELLING:**
Kan tot erge oogirritasie lei.  Horingvliesskade is onwaarskynlik.
Langdurige velkontak kan matige irritasie met lokale rooiheid veroorsaak. Dit is onwaarskynlik dat langdurige velkontak tot die absorpsie van skadelike hoeveelhede sal lei.

**NOODHULPBEHANDELING:**

**Inname:**
Geen mediese noodbehandeling nodig nie.

**Oogkontak:**
Hou oë oop en spoel vir 15-20 minute stadig en versigtig met water uit. Indien kontaklense gedra word, verwyder dit na die eerste vyf minute en hou dan aan om die oë uit te spoel. Skakel 'n gifbeheersentrum of dokter vir behandelingsadvies.
‘n Geskikte nood-oogspoelfasiliteit moet onmiddellik beskikbaar wees.

**Velkontak:**
Trek kontamineerde klere uit. Spoel vel dadelik vir 15-20 minute met voldoende hoeveelhede water af. Skakel 'n gifbeheersentrum of dokter vir behandelingsadvies.
‘n Geskikte nood-stortfasiliteit moet in die werksarea beskikbaar wees

**Inaseming:**
Skuif die persoon na waar vars lug beskikbaar is. Indien die persoon nie asemhaal nie, ontbied 'n noodhulpdiens of ambulans en gee dan kunsmatige asemhaling. As dit mond-tot-mond is, gebruik redderbeskerming (sakmasker ens.). Skakel ‘n gifbeheersentrum of dokter vir behandelingsadvies.

**NOTA AAN GENEESHEER:**
Daar is geen spesifieke teenmiddel nie. Behandeling word gebaseer op die dokter se beoordeling van die pasiënt se simptome.

## WEERSTANDSVOORKOMING EN -BESTUUR

**QUELEX® 200 WG** is ‘n samestelling van ‘n sintetiese ouksien-tipe onkruiddoder (Groep O) en ‘n onkruiddoder wat oor ALS (**A**ceto**L**actate **S**ynthase)-ensieminhibering as metode van werking beskik (Groep B). Die produk onderbreek normale plantegroei en/of inhibeer die produksie van die ensiem wat noodsaaklik is vir die produksie van sekere aminosure vir normale plantegroei.

Aangesien **QUELEX® 200 WG** twee metodes van werking het, sal weerstand in vergelyking met ander onkruiddodergroepe, heel moontlik vertraag word. Weens natuurlike genetiese variasie in enige onkruidpopulasie, mag sommige onkruidbiotipes wat in die natuur voorkom, egter weerstandigheid teen **QUELEX® 200 WG** of ander soortgelyke onkruiddoders toon. Indien onkruiddoders met dieselfde werking herhaaldelik gebruik word, kan hierdie weerstandbiedende individue uiteindelik die onkruidpopulasie oorheers. Hierdie weerstandige onkruide sal nie deur **QUELEX® 200 WG** of ander soortgelyke onkruiddoders beheer word nie.

## BESTUURSAKSIES OM SELEKSIE VAN WEERSTANDIGE ONKRUIDE TE VERMINDER

- ❖ Waar prakties moontlik, implementeer bewerkingspraktyke, wisselboustelsels of ander meganiese beheerstelsels (insluitend die gebruik van nie-selektiewe onkruiddoders).
- ❖ Vermy herhaaldelike gebruik van onkruiddoders met dieselfde metode van werking. Beplan gewasrotasie sodat onkruiddoders met verskillende metodes van werking gebruik word.
- ❖ Hou rekord van onkruiddodergebruik op elke land.
- ❖ Voorkom die verspreiding van weerstandbiedende saad asook vegetatiewe materiaal na ander lande, deur stropers en ploeë gereeld skoon te maak en onkruidvrye saad te plant.
- ❖ Verhoed die verspreiding van saad in dieremis deur eers lande met die minste onkruidweerstand te laat bewei, voordat vee geskuif word na lande met hoë weerstand.
- ❖ Bestudeer alle lande jaarliks om moontlike weerstand vroegtydig te identifiseer.

Kontak u Corteva Agriscience™-verteenwoordiger vir verdere advies rakende die voorkoming van onkruiddoderweerstandigheid.

Indien die bostaande maatreëls nie nougeset nagekom word nie, kan Corteva Agriscience™ geen aanspreeklikheid aanvaar vir enige verliese wat mag ontstaan indien **QUELEX® 200 WG** nie weerstandige onkruide beheer nie.

## GEBRUIKSBEPERKINGS EN -NOTAS.

**Moet nie as ‘n lugbespuiting gebruik nie.**

Moet nie **QUELEX® 200 WG** op kleingraan wat met peulgewasse ondersaai is, toedien nie.
Moet nie **QUELEX® 200 WG** in sitrus-, kern- of steenvrugboorde toedien binne drie (3) jaar na oorplant nie. Vermy die behandeling van tussengewasse in gevestigde boorde.
**QUELEX® 200 WG** moet nie in kwekerye toegedien word nie.
Gevoelige gewasse sluit in, maar is nie beperk tot, klawers, katoen, hops, lupiene, sierplante, erte, dennebome, aartappels, saffloer, skadubome, sojabone, sonneblomme, tabak, tamaties, groente en wingerde.
**QUELEX® 200 WG** moet nie toegedien word op gewasse wat onder stremming verkeer weens strawwe weerstoestande soos koue of ysige temperature of swaar reëns, droogte, versuiping, nutriënttekorte, siekte, insek- of aalwurmskade of onkruiddoderoordrag nie.
Dien die produk streng volgens die gebruiksaanwysings toe.
Voorkom die besoedeling van waterbronne soos damme, riviere, boorgate, en dies meer.
**QUELEX® 200 WG** mag slegs **EEN** keer per seisoen toegedien word.

## MINIMUM WAGTYDPERKE EN WISSELBOU-AANWYSINGS

Die minimum wagtydperk behels die tydsverloop vanaf die laaste toediening van **QUELEX® 200 WG** tot die verwagte aanplantingstyd van 'n opvolggewas. Die tydperke wat hieronder gespesifiseer is, sal slegs geldig wees indien gunstige grondvog- en temperatuurtoestande, wat spoedige afbraak van **QUELEX® 200 WG** deur mikrobiese aktiwiteit bevorder, sou heers. Abnormale droë en/of koue toestande mag stadiger afbraak teweegbring.

Gee deeglike oorweging aan wisselboubeplanning voordat **QUELEX® 200 WG** gebruik word.

Om skade aan opvolggewasse te voorkom, neem die volgende wagtydperke in ag:

| Opvolggewasse | Wagtydperke |
|---|---|
| Gars, hawer, koring | 1 maand |
| Mielies , aartappels, sorghum, sonneblomme | 5 maande |
| Kanola, lupiene, erte | 9 maande |
| Katoen, droëbone, grondbone, sojabone | 14 maande |

‘n Wagtydperk van ten minste **24 maande**, voorafgegaan deur ‘n toetsaanplanting, word vir alle ander gewasse wat nie hier gelys is nie, aanbeveel. Toetsstroke van die verlangde opvolggewas moet aangeplant, en tydens ontkieming en opkoms vir enige abnormale groei gemonitor word, om te bepaal of die opvolggewas suksesvol verbou kan word. Die land moet altyd eers diep geploeg word voordat opvolggewasse geplant word.

## OESMISLUKKING

In die geval van mislukte oeste nadat 'n gewas met **QUELEX® 200 WG** behandel is, is dit moontlik om graan een (1) maand na toediening te plant. In hierdie geval moet grond eers diep geploeg word voordat 'n opvolggewas geplant word.

**BREËBLAARONKRUIDE WAT NORMAALWEG DEUR QUELEX® 200 WG BEHEER WORD:**

| | |
|---|---|
| *Amaranthus hybridus* | Gewone misbredie |
| *Arctotheca calendula* | Gousblom |
| *Capsella bursa-pastoris* | Herderstassie |
| *Chenopodium album* | Withondebossie |
| *Coronopus didymus* | Peperkruid |
| *Cotula turbinata* | Cotula |
| *Emex australis*** | Kaapse dubbeltjie |
| *Erodium moschatum*** | Turknael |
| *Fallopia convolvulus*** | Wildebokwiet |
| *Fumaria officinalis* | Duiwekerwel |
| *Galinsoga parviflora* | Knopkruid |
| *Malva parviflora* | Kiesieblaar |
| *Medicago* spp | Klawers |
| *Oxalis latifolia* | Smalweëblaar |
| *Plantago lanceolate* | Rooituinsuring |
| *Polygonum aviculare*** | Koperdraadgras |
| *Raphanus raphanistrum**** | Ramenas |
| *Rapistrum rugosum* | Wildemosterd |
| *Sisymbrium thellungii* | Gewone wildemosterd |
| *Stellaria media**** | Sterremuur/muurgras |
| *Tagetes minuta* | Kakiebos |

** Wisselvallige beheer kan verwag word.
*** Waar ALS-weerstand by ***Raphanus raphanistrum*** en ***Stellaria media*** voorkom, kan swak beheer verwag word.

Benewens die onkruide wat met **QUELEX® 200 WG** beheer word, kan die volgende onkruide met tenkmengsels beheer word:

**QUELEX® 200 WG + BRUSH-OFF®**

| | |
|---|---|
| *Fallopia convolvulus* | Wildebokwiet |
| *Polygonum aviculare* | Koperdraadgras |

Wanneer **QUELEX® 200 WG** in 'n tenkmengsel met enige van die bogenoemde produkte gebruik word, verwys na die onkruidlyste en dosisse soos aanbeveel op die onderskeie etikette.

**NOTAS:**

1. **QUELEX® 200 WG** beheer sekere onkruidspesies soos hierbo gelys. Ander eenjarige breëblaaronkruide wat nie tydens die ontwikkelingsproewe voorgekom het nie, kan ook tot ‘n sekere mate beheer word. Die registrasiehouer aanvaar egter geen aanspreeklikheid ten opsigte van ongelyste onkruide nie.

2. **QUELEX® 200 WG** op sy eie of in tenkmengsels, sal nie onkruide beheer wat nog nie ten tyde van toediening opgekom het nie.

**GEBRUIKSAANWYSINGS: Gebruik slegs soos aangedui.**

**ALGEMENE INLIGTING**

**QUELEX® 200 WG** is 'n waterverspreibare korrel-onkruiddoder vir die selektiewe na-opkomsbeheer van breëblaaronkruide, soos gelys, op oorlêlande en by koring, gars en boorde.

**QUELEX® 200 WG** moet met skoon water gemeng en as ‘n eenvormige, breedwerpige grondbespuiting toegedien word.

**QUELEX® 200 WG** moet na opkoms toegedien word op jong, aktiefgroeiende breëblaaronkruide. Warm, vogtige omstandighede bevorder die groei van onkruide wat die blaaropname en doeltreffendheid van **QUELEX® 200 WG** verbeter.

Onkruide wat weens koue weer of droogtestres verhard het, kan tot onvoldoende beheer of onderdrukking lei en hergroei kan moontlik plaasvind. Vir die beste resultate, verseker dat teikenonkruide deeglik bespuit word. Dien **QUELEX® 200 WG** toe voordat die gewas te dig word en doeltreffende bespuiting van die onkruide beperk.

Vir maksimum beheer van breëblaaronkruide, dien **QUELEX® 200 WG** toe saam met aanbevole onkruiddoders (soos gelys onder "VERENIGBAARHEID“), op jong onkruide in die saailingstadium, maar voor dit die ses-blaar groeistadium verbysteek. Onkruide moet aktief groei onder vogtige toestande. Onkruide wat onder droogtestremming verkeer, mag minder gevoelig wees.

**QUELEX® 200 WG** inhibeer die groei van sensitiewe plante. Onder ideale omstandighede sal sigbare tekens van plantvrektes binne 2-4 weke duidelik raak. Onder ongunstige omstandighede sal tekens na 6-8 weke (verlengde tydperke van uiterste temperature of vog) sigbaar raak.

**VERENIGBAARHEID**

**QUELEX® 200 WG** is met die volgende produkte in 'n tenkmengsel verenigbaar:

<u>BREËBLAARONKRUIDE</u>
Om die beheerde breëblaarspektrum te vergroot, kan **QUELEX® 200 WG** in ‘n tenk gemeng word met:

- BRUSH-OFF® L 4535 (bevat 600 g metsulfuroon-metiel)

<u>GRASSE</u>
Om die beheerde grasspektrum te verhoog, kan **QUELEX® 200 WG** in ‘n tenk gemeng word met:

- AXIAL® L 8517 (bevat 45 g pinoksadien)

<u>ADJUVANTE</u>

- BREAK-THRU® L 6764



---Internal Use---

**VERWYS ALTYD NA DIE PRODUKETIKETTE.**

**NOTAS:**

(i) **WAAR EEN VAN DIE BOGENOEMDE PRODUKTE SAAM MET QUELEX® 200 WG IN 'N TENKMENGSEL GEBRUIK WORD, MOET DIE PRODUK SE VOLLEDIGE ETIKETINLIGTING VERKRY EN NAGEVOLG WORD.**

(ii) Die verenigbaarheid van **QUELEX® 200 WG** met aanbevole produkte in tenkmengsels, kan deur die formulasie van hierdie produkte beïnvloed word. Watergehalte kan ook 'n invloed op hierdie tenkmengsels hê. Aangesien ander produkte se formulasie kan verander sonder Corteva Agriscience RSA (Edms) Bpk se medewete, en omdat watergehalte van een plaas tot ‘n volgende kan wissel, moet ‘n fisiese verenigbaarheidstoets altyd uitgevoer word voordat ‘n mengsel gespuit word. Corteva Agriscience RSA (Edms) Bpk aanvaar geen verantwoordelikheid vir gewasverdraagsaamheid van hierdie tenkmengsels waar die formulasie van produkte verander het of vir mengsels met produkte wat nie hierbo genoem word nie.

Vir verdere inligting, raadpleeg u plaaslike verteenwoordiger.

## MENGINSTRUKSIES

**QUELEX® 200 WG** is 'n waterverspreibare korrel wat maklik met water meng indien die volgende vermengingsinstruksies nagekom word:

- Vul die spuittenk kwart- tot halfvol met skoon water.
- Aktiveer die roer-aksie.
- **QUELEX® 200 WG** moet vooraf met water gemeng word om ŉ bry (of slik) te vorm. Voeg die verlangde hoeveelheid **QUELEX® 200 WG** in 'n emmer water en roer totdat al die korrels opgelos het. Voeg die voorbereide **QUELEX® 200 WG-**bry direk by die spuittenk wat kwart- tot halfvol met water gevul is.
- Spoel die houer wat vir voorafvermenging gebruik is en voeg spoelwater tot die spuittenk by.
- Voeg die nodige hoeveelheid van die aanbevole komplementêre onkruiddoders soos nodig by.
- Hou die roer-aksie vol en vul die tenk verder met water totdat die verlangde volume in die spuittenk bereik word.
- Voeg heel laaste ‘n adjuvant teen die aanbevole dosis soos op die etiket aangedui by die spuitmengsel.
- Die spuitmengsel moet tydens vermenging en toediening voortdurend en deeglik geroer word.
- Tenkmengsels moet onmiddellik uitgespuit word en mag nie in die spuittenk bly nie, aangesien die doeltreffendheid daarvan weens produkafbraak mag afneem.
- Indien 'n onderbreking vir watter rede ook al tydens die toedieningsproses plaasvind, roer die mengsel weer deeglik voor hergebruik.

## GRONDTOEDIENING

**QUELEX® 200 WG** kan op sy eie toegedien word met enige medium- of hoë-volume spuittoerusting wat met 'n doeltreffende roermeganisme toegerus is, en wat goeie bedekking en eweredige verspreiding verseker. Die beste resultate word verkry deur middel van platwaaierspuitpunte en die toediening van 'n minimum spuitvolume van 200 liter water per hektaar.

Onkruide wat deur ander onkruide of die gewas beskut word, mag onvolledig bespuit word met gevolglike wisselvallige resultate. Dit moet deeglik in ag geneem wanneer die tydsberekening van die toediening bepaal word. Vir optimale beheer, spuit die onkruide in die jong, aktiefgroeiende stadium (twee- tot ses-blaar). Slegs onkruide wat tydens toediening teenwoordig is, sal beheer word.

**QUELEX® 200 WG** is binne 1 uur na toediening reënvas.

**QUELEX® 200 WG** in 'n tenkmengsel moet **ALTYD** saam met 'n adjuvant soos Break-Thru® teen aanbevole etikethoeveelhede toegedien word. Die adjuvant moet as die laaste bestanddeel by die spuittenk gevoeg word.

| GEWAS | DOSIS/HA | OPMERKINGS |
|---|---|---|
| **OORLÊLANDE** | **50 g QUELEX® 200 WG** | Dien toe op aktiefgroeiende onkruide, saailing tot ses-blaar groeistadium. |
| **KLEINGRAAN**<br>**Koring**<br>**Gars** | **50 g QUELEX® 200 WG** | Dien toe tussen twee-blaar tot einde van stoeling en wanneer die onkruide aktief-groeiend is, saailing tot ses-blaar groeistadium. |
| Maak seker dat die inligting onder "GEBRUIKSAANWYSINGS" gevolg word.<br><br>Verseker deeglike bedekking van onkruide om doeltreffende beheer te verkry. Indien onkruide deur 'n digte stand van die gewas en/of ander onkruide beskut word, kan dit tot onvoldoende sproeibedekking met daaropvolgende swak onkruidbeheer lei. Neem dit in ag wanneer die spuittoedieningstyd bepaal word. Onkruide wat eers na toediening van **QUELEX® 200 WG** ontkiem, sal nie beheer word nie, aangesien hierdie produk oor geen sterk grond-residuele nawerking beskik nie.<br><br>Die graad van beheer en die duur van uitwerking hang af van die onkruidspesie, onkruidgrootte en groeitoestande wat gedurende en na toediening heers.<br><br>**QUELEX® 200 WG** se werking word aangevul met die gebruik van 'n adjuvant (teen die aanbevole etiketaanwysings). Dit verhoog die konsekwentheid waarmee vatbare onkruide onder 'n verskeidenheid van omgewingstoestande beheer kan word. Die gebruik van 'n adjuvant kan ook die produk se doeltreffendheid teen sommige matig-vatbare onkruide verbeter. 'n Adjuvant is veral onder droë toestande voordelig. | | |

**SKOONMAAK VAN SPUITTOERUSTING**

Om latere skade aan opvolggewasse anders as kleingrane te voorkom, moet alle residue van **QUELEX® 200 WG** direk na toediening, deeglik uit die meng- en spuittoerusting verwyder word.

Gaan soos volg te werk:

a) Dreineer die spuitstelsel onmiddellik na bespuiting. Was enige kontaminasie aan die buitekant van die tenk met skoon water af.

b) Spoel die binneoppervlak van die tenk met skoon water. Spuit ten minste een tiende van die tenk se kapasiteit deur die pype en spuitpunte. Dreineer die tenk deeglik.

c) Maak die tenk halfvol met skoon water en voeg die korrekte hoeveelheid skoonmaakmiddel by. Vir elke 100 liter van die finale tenkvolume, voeg 350 ml huishoudelike ammoniak (9,5% ammoniak), in die water. (Bv. in die geval van 'n 1 000 liter spuittenk, vul dit met 500 liter water en voeg 3,5 liter [= 10 x 0,35 ℓ] huishoudelike ammoniak by.)

   Die oorspronklike mengsel, wat nou dubbelsterkte is, moet deeglik geroer word en vir ongeveer een minuut deur die pype en spuitpunte gespoel word.

Voeg water by die oorblywende mengsel totdat die tenk vol is. Laat hierdie mengsel 15 minute in die tenk staan terwyl dit geroer word. Na 15 minute, spuit weer alles deur die pype en spuitpunte. Dreineer die tenk deeglik.

d) Verwyder spuitpunte en siwwe, en plaas dit in 'n emmer wat 40 ml huishoudelike ammoniak per 10 liter water bevat.

e) Spoel die tenk weer deeglik met skoon water uit. Spuit ten minste een tiende van die tenk se kapasiteit deur die pype en spuitpunte.

f) Spuit alle spoelwater veilig weg. Moet dit nie op sensitiewe gewasse of op lande wat geoormerk is vir die plant van sensitiewe gewasse, spuit nie.

Voorsorgmaatreëls met die skoonmaak van spuittoerusting

- Moet nie die dampe van die skoonmaakmiddel inasem nie.
- Vermy vel- en oogkontak.
- In geval van kontak met oë en vel, spoel onmiddellik met genoeg water en kry mediese raad.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Hou skoonmaakmiddels slegs in die oorspronklike houers.

## BERGING EN VERNIETIGING

Bergingstoestande

Bêre in die oorspronklike, dig-toegemaakte houers, weg van sonlig en vogtigheid en in 'n goed-geventileerde area, weg van voedsel en voer, agter slot en grendel. Vermy berging bo 35°C.

Produk- en houervernietiging

Moet nie leë houers vir enige ander doel hergebruik nie, veral nie vir die stoor van water, voedsel en voer nie. Perforeer en druk die houers plat voordat dit op die voorgeskrewe wyse weggemaak word.

Vernietig leë houers of oorskotproduk in 'n industriële verbrandingsoond wat vir landbouchemikalieë goedgekeur is. Moet dit nie begrawe in, of spuit, op enige gebied wat vir landbou gebruik word nie. Leë houers moet deeglik met skoon water uitgespoel word. Gooi hierna die spoeloplossing in die spuittenk.

**Gif-hulplyn: +27(0)861 555 777**
**Plaaslike noodnommer: +27(0)82 895 0621 (slegs SA)**
**24-uur Noodnommer: +32 3 575 5555**
**Inligtingsnoodlyn: Tel nr: +27(0)12 683 5700**

® Handelsmerk van Corteva Agriscience™ en sy geaffilieerde maatskappye.
Enige ongemagtigde reproduksie van hierdie etiket word verbied.